Japansending gaan steeds voort om die Fontein van Vreugde-blaadjie te publiseer. Dis ’n mooi, volkleur 4-bladsy-traktaatjie wat altyd ’n getuienis van bekering bevat. Ongeveer 20 000 kopieë van hierdie traktaatjie word maandeliks versprei by die kerke en aan baie nie-Christene.

**Bid** dat die Heilige Gees harte sal aanraak wanneer hulle die getuienisse en God se Woord lees. **Bid** dat die Here sal voortgaan om ons wysheid te gee, die nodige personeel sal voorsien en bronne om met sy belangrike werk voort te kan gaan.

## *KERSFEES-UITREIK*

Kersfees is ‘n spesiale tyd van die jaar wanneer Japannese mense geïnteresseerd raak in die Christendom. Japansendingwerkers raak dan baie besig, neem deel aan evangeliese byeenkomste, konserte en partytjies. Werkers sal betrokke wees by meer as 100 byeenkomste om kerke te help om diegene in die plaaslike gemeenskappe te bereik wat begeer om meer te leer oor die betekenis van Kersfees. **Bid** vir wysheid en sterkte en dat die Here baie se harte sal verander deur hierdie evangeliese geleenthede.

## *SPESIALE DANKBETUIGING*

Ons wil elke persoon bedank wat getrou gebid en die werk van Japansending ondersteun het gedurende 2023. U het ’n belangrike rol gespeel om ons te help om die Here se werk te bevorder. Ons prys die Here vir die baie saad wat gesaai is, die veranderde harte en sy getroue voorsiening. Dankie vir die wyse waarop u voortgegaan het om ons vennote te wees in die uitreiking na die verlorenes.

**DIE SENDING SE UITREIKINGS - “BID VIR ONS”**

- **Bybels en Leesstof**
- **Studente Uitreiking**
- **Bejaardes Uitreiking**
- **Evangelisasie Byeenkomste**
- **Oudiovisuele Uitreiking**
- **Hospitaal Evangelisasie**
- **Engelse Evangelisasie**

***ONS OPREGTE DANK EN WAARDERING*** teenoor vriende wat bankinbetalings gedoen en ons laat weet het, en veral ook vir inbetalings wat ons nie kon erken nie.

Sal u asb so goed wees om ons te laat weet as u nie ’n erkenning ontvang het nie en ook as u van adres verander.

’n Deposito kan direk in die Sending se bankrekening gemaak word by enige tak van **STANDARD BANK** of **ABSA BANK** of ’n debietorder kan gebruik word.

Nogmaals **BAIE DANKIE**, liewe vriende. Mag die Here u seën.

**Naam van Rekening: JAPANSENDING**
**STANDARD BANK, Rek No 010 333 126, Tak No 014-845**
**ABSA BANK, Rek No 090 161 334, Tak No 334-645**

***JAPANSENDING, POSBUS 30106, WONDERBOOMPOORT 0033***
***Tel/Faks (012)377-1533 E-pos: sa@japanmission.org***

***(Art 21) Reg No 2006 /019264 /08***

***NOVEMBER-DESEMBER 2023***

***“Roep My aan en Ek sal jou antwoord”*** *(Jer. 33:3)*

# JAPANSENDING

***Geroep om te dien***

## ’N HERNIEUDE HART



*Lindie Kleinhans*

Lindie Kleinhans is in Desember 1989 in ’n Christelike gesin in Bloemfontein, Suid-Afrika, gebore. Haar vader was ‘n diaken in hulle kerk. Haar gesin was baie betrokke by die kerk se aktiwiteite. Lindie het al in haar jong dae van God se liefde geleer en hoe die Here die prys vir haar sonde betaal het.

“Soos wat ek ouer geword het, het ek deur al die aksies van Christenwees gegaan, maar nooit ’n opregte verhouding met die Here gehad nie. Ek was omring deur ’n liefdevolle gesin wat my opreg liefgehad het. Ek wou aan hulle verwagtings voldoen en hulle nie teleurstel nie.

“Tog wou ek ook my lewe geniet en sorgvry lewe. Die Christelike lewe het so streng en vol reëls geblyk te wees. Ek het saam met ander naby my begin rondgaan, terwyl ek gelewe het soos wat ek wou. Uiteindelik was dit asof ek ’n muur om my hart gebou het as dit gekom het by dinge soos om Bybel te lees en om my sonde voor God te bely.

Gedurende Bybelstudie het ek probeer optree asof ek aandag skenk, maar my gedagtes was baie ver weg.

“Toe ek 18 jaar oud en in my finale jaar op hoërskool was, is ek eendag vinnig na die dokter geneem omdat ek by die skool flou geword het. Die dokter het na my hart geluister en voorgestel dat ek na ’n spesialis toe moet gaan. Die hartspesialis se bevinding was dat daar ’n gat in my hart was!

**Verteenwoordigers in Japan: DAWID & SUE VERWEY**

**7-40 MONZEN CHO, IKOMA CITY,**
**NARA KEN, 603-0266, JAPAN**

**Tel: 0081-743731754** **Tel: (012) 337-1533**
**Faks: 0081-743731681** **Sel: 063 170 1480**
**www.japanmission.org** **sa@japanmission.org**
**www.facebook.com/japanmission.jm/**

**Indien u rapporte en gebedsversoeke vanaf Japan per E-pos wil ontvang, kontak asb jm@japanmission.org**

**“Ons ondervind pos word nie afgelewer nie. Stuur asb ‘’n e-pos na japansendingrsa@gmail.com indien ons die nuusbrief elektronies kan stuur.”**

"Ons het voor moeilike besluite te staan gekom. Die dokter het ons gewaarsku as ek nie geopereer word nie, ek die risiko gaan loop om 'n beroerte of 'n hartaanval te kry.

"Hy was verbaas dat ek nog nie 'n beroerte of 'n hartaanval gekry het nie en het gepraat van God se liefde vir en beskerming van my lewe. My dokter was 'n Christen en sy hele lewe het getuig van sy liefde vir Jesus. Dit het my kwaad gemaak toe ek hoor hoe hy en my ouers praat van God se liefde en getrouheid, terwyl God vir my 'n stukkende hart gegee het.

"'n Opehartoperasie so na aan die gat in my hart was my beste kans om daarna weer 'n normale lewe te kan lei. Maar dit was gevaarlik en dit sal beteken dat ek met staaldrade in my borskas moet loop vir die res van my lewe.

"'n Ander prosedure was minder ingrypend en dit behels die inplanting van 'n ballon deur middel van 'n kateter om die gat in my hart toe te maak.

"Ons het ingestem tot die tweede prosedure om my te beskerm van die trauma van opehartsjirurgie.

"Die dokter het aanbeveel dat ons die sjirurgie uitstel vir 'n paar maande totdat ek klaargemaak het met matriek. Oral waar ek gegaan het, moes ek 'n hartmonitor dra om seker te maak dat my hart reg funksioneer.

"Ek het God gehaat. Hoe kon Hy dit aan my doen? Waar is die liefde waarvan ek nog altyd gehoor het? Ek het geweier om te bid en as ons kerk toe gegaan het, het ek my hart gesluit vir alles wat daar vir my geleer is.

"Ek het vinnig swakker begin word en moes die sjirurgie vroeër as wat beplan is, ondergaan. Op die 8ste April 2008 is ek in die teater gestoot.

"Die operasie was onsuksesvol omrede die gat in my hart groter was as wat die dokter voorsien het. Die ballon wat hy in die gat probeer inplant het, is elke keer uitgestoot deur die bloedvloei.

"Nadat ek wakker geword het, het die dokter vir ons gesê dat ek so gou moontlik 'n opehartoperasie moet ondergaan. Dit was toe dat ek besef het dat ek kon sterf op die operasietafel. Ek het geweet as ek sou sterf, ek nie hemel toe sou gaan soos die res van my gesin nie. Ek het 'n dringende behoefte ervaar om my lewe uit te sorteer voor die operasie. Vrees het my oorweldig toe ek die naakte werklikheid in die gesig gestaar het dat ek verlore was, terwyl ek nog kwaad vir God ook was.

"Die woorde van die dokter het gedurig in my gedagtes opgekom, terwyl ek oor God se liefde en beskerming nagedink het. Die dokter het gesê dat God my vir die laaste 18 jaar beskerm het van enige beroertes of hartaanvalle.

"Ek het stadig tot die besef gekom dat God wel vir my lief was en my beskerm het. Hy het my omring met soveel seëninge wat ek as vanselfsprekend aanvaar het, insluitend my liefdevolle Christelike gesin. "Ek het toe my ouers gevra om saam met my te bid.

Terwyl my pa gebid het, het ek God gevra om my sondes te vergewe en om die Koning van my hart te wees."Ek het die kettings wat my gebind het, gevoel breek en dat die las op my skouers baie ligter geword het. Die vrees vir die operasie het verdwyn en ek was gereed om die onmoontlike in die gesig te staar. Daardie nag het God my 'n gevoel van vrede gegee en die versekering dat Hy 'n spesiale plan vir my lewe het.

"Op die 10de April 2008 is ek in die teater gestoot. Ek het so baie bloed verloor tydens die operasie dat ek eers weer 'n dag en 'n half later wakker geword het. Toe ek uiteindelik wakker geword het, het ek baie vog op my longe gehad wat verwyder moes word. Hulle het derhalwe 'n dreineringspyp tussen my ribbes ingesit. My lewe is gered deurdat God my deur die operasie gedra het.

"Terwyl ek stadig herstel het, het ek aangevoel dat God by my was. Ek het toe vir Hom belowe dat sodra ek herstel het, ek 'n vlag sou plant tot eer van Hom vir wat Hy vir my gedoen het.

"Op die 20ste Desember 2008 het ek en my gesin na die top van 'n groot koppie gestap en 'n vlag geplant en God gedank vir alles wat Hy vir my gedoen het.

"Ek het begin om my Bybel met 'n nuwe perspektief te lees en het geleer wat dit beteken om 'n persoonlike verhouding met God te hê. Ek het begin betrokke raak by die kerk se uitreikaksies na ons gemeenskap en ook die jeugdetensiesentrums.

"God het my op unieke wyses gebruik as gevolg van my operasie. Ek kan my vereenselwig met hulle wat met pyn en swaarkry geworstel het. Ek kan teenoor hulle getuig van God se getrouheid en hulle aanmoedig om in Jesus te glo.

"God het my hart vernuwe voordat Hy my kon stuur om die gebroke harte te bedien."

## *BEDIENING IN JAPAN*

Lindie Kleinhans het in September 2018 vanaf Suid-Afrika by Japansending aangesluit as 'n Engelse evangeliese onderwyseres. Sy het saam met 'n besielde span sendelinge gedien wat baie opgeoffer het om dwarsdeur die pandemie na die ongereddes uit te reik. Toe dit nie moontlik was vir haar om in die kerke te gaan bedien as gevolg van COVID nie, het sy steeds gereeld kontak behou met haar studente via die internet.

Eers na drie jaar, in 2023, kon sy na haar geboorteland terugkeer vir 'n kort besoek aan haar familie, vriende en ondersteuners.

Bid asseblief dat die Here Lindie sal seën, beskerm en versterk, terwyl sy voortgaan om na baie in Japan uit te reik met die evangelie.

## *LITERATUUR*

Japansending gaan voort om Christelike literatuur beskikbaar te stel dwarsdeur Japan en baie dele van Asië. Bybels word steeds beskikbaar gestel vir Sjina, Noord-Korea, Mianmar, Kambodja en Laos. Ons het onlangs 'n besending van 2000 Bybels ontvang om in Japan gedurende die Kersseisoen te versprei.